

Hoe om water te spaar

Die betroubaarheid van waterverskaffing deur munisipaliteite aan huishoudings regoor Suid-Afrika, is slegs 68%, ongeag die vordering wat deur die Departement van Water en Sanitasie gemaak is om die agterstand van watervoorsiening oor die jare uit te wis.

Die adjunkminister van Water en Sanitasie, David Mahlobo, sê dit is weens ou infrastruktuur, 'n gebrek aan werk en onderhoud aan waterskemas, en die swak integrasie tussen behuisingsprogramme en huidige infrastruktuurontwikkelingsprojekte.

“Dit is 'n groot bekommernis dat die voorsiening van betroubare waterverskaffing tekens van afname toon,” sê hy.

As 'n waterskaarsland lê Suid-Afrika onder die 30 droogste lande in die wêreld. Die meeste van die land se water is afkomstig van reën, maar met die opgetekende



gemiddelde reënval wat 40% minder is as die jaarlikse wêreldgemiddelde, word die land dikwels deur droogte geraak. Die departement het egter goeie waterbesparingswenke vir ons.

Waterbesparing in jou huis of besigheid

- Draai die kraan toe tussen die kere wat jy jou gesig was, jou tande borsel of skeer.
- Deur vyf minute op 'n dag te stort in plaas van te bad, sal slegs 'n derde van die water gebruik word as

wanneer jy sou bad, wat neerkom op die besparing van 400 liter water per week.

- Om te stort kan tot 20 liter water per minuut gebruik, terwyl 'n bad tussen 80 en 150 liter water per bad kan gebruik. As jy verkies om te bad, moet jy nie die bad vol tap nie.
- Moenie die toilet onnodig spoel nie. Gooi sneedoekies, insekte en ander afval in die vuilgoeddrom eerder as in die toilet. Jy gebruik elke keer wat jy die toilet spoel 12 liter

- water.
- Herstel 'n lekkende toilet, want dit kan tot 100 000 liter water in 'n jaar mors.
- Gebruik “gryswater” om jou toilet te spoel — gebruikte water wat van die bad, die wasmasjien en ander veilige bronne afkomstig is.
- Moenie jou swembad oorvol maak of dit oormatig terugspoel (backwash) nie.
- Ketels moenie tot heel bo volgemaak word nie, maar kook net genoeg water soos wat jy benodig. Dit sal ook jou elektrisiteitsrekening verlaag.
- Gebruik eerder 'n emmer as 'n tuinslang om jou motor te was. As jy 'n tuinslang moet gebruik, gebruik dan 'n sproeier voor aan die pyp wat jy tussenin kan toedraai. 'n Tuinslang kan tot soveel as 30 liter water per minuut gebruik.
- Boere moet toesien dat

hulle giftige plaagdoders weghou van waterbronne en stroompies af.

- Mense in landelike gebiede moenie riviere of rivieroewers as 'n toilet gebruik nie.

In die tuin

- Maak jou plante altyd vroeg in die oggend of aand nat wanneer dit koeler is.
- Laat die water waarin jy eiers gekook het, afkoel en maak jou huisplante daarmee nat. Die voedingsstof wat uit die eierdoppe kom sal goed wees vir die plante.
- Dakwater kan in 'n tenk geberg word om die tuin mee nat te maak.
- Gebruik “gryswater” om jou tuin mee na te maak — gebruikte water wat van die bad, die wasmasjien en ander veilige bronne afkomstig is. **U**

Besoek www.dws.gov.za vir meer inligting.